

DIE BOETE AS STRAF IN DIE DUITSE REG

S S Terblanche

BJuris LLD

Professor, Departement Straf- en Prosesreg, Universiteit van Suid-Afrika*

1 Inleiding

Een van die voorstelle vir hervorming in die Suid-Afrikaanse Regskommissie se verslag oor vonnisoplegging wat in 2000 verskyn het,¹ behels dat die metode waarop boetebedrae bereken word, verander word. Al is dit radikaal, was daar tot dusver min reaksie op hierdie voorstel. Die praktiese implikasies daarvan is waarskynlik vir meeste lesers onduidelik of selfs onbekend.

Die Regskommissie se hoofoorweging vir die voorstel is die behoefte om boetes meer spesifiek aan die finansiële vermoë van die oortreder te koppel as wat tans in Suid-Afrika die geval is.² Met die oog daarop is voorgestel dat oorweging gegee word aan 'n sogenaamde *day fine* of *unit-fine system*.³ In hierdie tipe stelsels word die berekening van die boetebedrag in twee fases verdeel.⁴ Tydens die eerste fase word die erns van die misdaad in 'n bepaalde aantal strafeenhede verreken. Die finansiële vermoë van die oortreder word tydens hierdie fase basies buite berekening gelaat. Omdat die erns van die misdaad die getal strafeenhede bepaal, behoort hierdie getal min of meer dieselfde te wees ongeag van die vermoë van die oortreder. Die tweede fase behels 'n berekening van die finansiële vermoë van die oortreder. Hierdie vermoë word gewoonlik in 'n tarief per dag uitgedruk, maar ander eenhede is ook moontlik.⁵ Wanneer die aantal strafeenhede dan met die straftarief vermenigvuldig word, gee die antwoord die boete wat betaalbaar is, uitgedruk in 'n geldbedrag.

In Suid-Afrika word boetes tans as 'n enkelsom opgelê. Dit is trouens die posisie in meeste lande van die wêreld. Die boetebedrag berus eenvoudig in die diskresie van die verhoorhof. Die finansiële vermoë van die oortreder moet wel in ag geneem word,⁶ maar presies hoe dit prakties in 'n hofspraak gedoen

* Hierdie artikel is gebaseer op navorsing wat gedoen is vir my proefskrif *Die Boete as Strafvorm* Unisa (1991). Dit is bygewerk tydens 'n besoek aan die Max Planck Instituut vir Buitelandse en Internasionale Strafrecht, Freiburg, Duitsland. Ek bedank die Instituut graag vir die beskikbaarstelling van sy bronne, en Unisa vir befondsing van die besoek. Ek dra hierdie artikel graag op aan my kollega en vriend, Kallie Snyman, wat my aan Duitsland en die Duitse reg voorgestel het.

¹ SA Regskommissie *Sentencing (A New Sentencing Framework) Project 82 Report* (2000).

² Para 3 3 25.

³ Paras 3 3 25 – 3 3 27.

⁴ Vgl bv Albrecht in Kindhäuser (red) *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch I 2* uitg (2005) §40 k 2; Stree in Schönke & Schröder *Strafgesetzbuch: Kommentar 27* uitg (2006) §40 k 5; Hillsman "Day fines" in Tonry & Hamilton (reds) *Intermediate Sanctions in Overcrowded Times* (1995) 20; Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems in the Member States of the Council of Europe II* (1992) 442.

⁵ In die Engelse reg is daar in 1991 vir 'n kort tydjie gebruik gemaak van 'n *unit fine system* wat gebaseer was op inkomste per week – Moxon "England Adopts Unit Fines" in *Intermediate Sanctions* 31.

⁶ Vgl *S v Van Rooyen* 1994 2 SASV 823 (A) 825; *S v Mosia* 1988 2 SA 730 (T) 736ff; *S v Sithole* 1979 2 SA 67 (A) 69; *S v Sibeko* 1995 1 SASV 186 (W) 189c, om enkele voorbeelde te noem.

word is meesal onduidelik.⁷ Die totale bedrag word gesien as die straf wat die erns van die misdaad uitbeeld.⁸ Ek het al in die verlede aangedui dat hierdie uitgangspunt, naamlik 'n bedrag wat uit die oogpunt van die vonnisoplegger voldoende afskrikking inhou, 'n groot rede is hoekom boetes dikwels vir die misdadiger heeltemal onbetaalbaar is.⁹ Hierdie oorweging maak dit besonder moeilik om die boete streng aan die oortreder se vermoë te koppel.

Hierdie artikel het hoofsaaklik ten doel om een van die suksesvolle dag-boete- of dagtariefstelsels¹⁰ in Europa, naamlik dié in Duitsland, in detail te bespreek. Die doelwit is bloot om die fyner detail van die praktyk van so 'n stelsel meer bekend te maak aan lesers wat wonder hoe dit werk en kan werk. Daar word nie beoog om oordeel uit te spreek aangaande die vraag of so 'n stelsel ook in Suid-Afrika sou kon werk, of selfs om 'n basis vir so 'n oordeel te lê nie. Dit is 'n vraag vir 'n ander geleentheid.

2 Hoekom die Duitse reg?

Dagboetestelsels is van Skandinawiese oorsprong.¹¹ Dit is in 1921 in Finland in bedryf gestel,¹² meer as 50 jaar voordat die Duitse reg in 1975 daarmee begin het. Die aanvaarding van die dagtariefstelsel het saamgeval met die afsluiting van 'n omvangryke hervorming van die Duitse strafreg.¹³

Die Duitsers het die bogenoemde hervormingstaak met tipiese Duitse deeglikheid aangepak.¹⁴ 'n Bestudering van die Duitse strafstelsel maak dit dan ook

⁷ Vgl Terblanche *A Guide to Sentencing in South Africa* 2 uitg (2007) 263.

⁸ Vgl *S v Lekgoale* 1983 2 SA 175 (B) 176: “[a] court might wish to keep the offender out of prison by giving him the option of a fine, but if he has to take the accused’s means into account, the fine will sometimes have to be so small that it has no deterrent value to others and it might seem as if the court regarded the offence as a trivial one”. Vgl ook *S v Serabo* 2002 1 SASV 391 (OK) 397-400 (dui aan dat boetes van R4000 tot R6000 gepas is vir dronkbestuurmisdade); *S v Aucamp* 2002 1 SASV 524 (OK) 529.

⁹ Terblanche *Guide to Sentencing* 268-269.

¹⁰ Die beste Afrikaanse term vir die stelsel is problematies. In Engels word meesal daarna verwys as ‘n *day fine system* (die Amerikaners gebruik veral *structured fine* – vgl Bureau of Justice Assistance *How to Use Structured Fines (Day Fines) as an Intermediate Sanction* (1996) 1; Hillsman “Day fines” in *Intermediate Sanctions* 20: “Day-fine projects are under way in Oregon, Iowa, and Connecticut as part of a national demonstration project on ‘structured fines’ sponsored by the Bureau of Justice Assistance”). In navolging daarvan het die woord “dagboete” waarskynlik ook in Afrikaans in gebruik gekom (vgl die sg “Viljoen-kommissie” [Verslag van die Kommissie van Ondersoek na die Strafstelsel van die Republiek van Suid-Afrika (1976) RP 78/76] para 5 1 6 10 56 ev). Die Duitse reg gebruik *Tagessatzsystem*, wat op 'n per dag-tarief of dagtarief dui. Op grond daarvan word in hierdie artikel merendeels van “dagtarief” gebruik gemaak. Dit is belangrik om in gedagte te hou dat mens hier te doen het met 'n stelsel vir die berekening van die bedrag van 'n boete. Die straf wat opgelê word bly 'n boete en word nie nou 'n dag-boete nie.

¹¹ Vgl bv Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch und Nebengesetze* 54 uitg (2007) 229.

¹² Tony & Hamilton *Intermediate Sanctions* 16.

¹³ Die strafhervorming was 'n uitgerekte proses. Reeds in 1954, as deel van die opbouproses na die Tweede Wêreldoorlog, is ‘n “Groot Strafrek-kommissie” (*die Großen Strafrechtskommission*), bestaande uit praktisyns, politici en akademië, in die lewe geroep om die StGB te hersien. Enkele bronne oor hierdie ontwikkeling: Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems” in Jescheck & Grebing (reds) *Die Geldstrafe im Deutschen und Ausländischen Recht* (1978) 29-43; Gillespie “Fines as an Alternative to Incarceration: The German Experience” 1980 (44(4)) *Federal Probation* 20; Friedman “The West German Day-fine System” 1983 (50) *University of Chicago LR* 281 286-287; Eser “Hundred Years German Penal Legislation – Developments and Trends” 1989 *De Jure* 1 3.

¹⁴ Die Oostenrykse aanvaarding van 'n dagboetestelsel (ook in 1975) is sterk deur die Duitse ontwikkelinge beïnvloed –Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 374.

gou duidelik hoe gevorderd dit is op die gebied van straf en straftoemeting.¹⁵ Op sigself maak dit die Duitse reg baie relevant in enige regsvergelende studie. 'n Tweede oorweging is dat die Duitse taal darem meer toeganklik is as Sweeds, Deens en, veral, Fins. Derdens bestaan daar 'n rykdom van bronne oor die Duitse reg. 'n Laaste aspek wat 'n bestudering van die Duitse reg vir 'n Suid-Afrikaanse navorser aantreklik maak is die feit dat daar een Duitse strafstelsel is. Al is Duitsland 'n federale staat, waarin die verskillende *Länder* (state) aansienlike outonomie besit, word die Duitse strafstelsel deur die sentrale regering beheer.¹⁶ Dit vereenvoudig navorsing van die Duitse strafstelsel in vergelyking met ander federale state waarin elke staat 'n eie strafstelsel het, soos Australië en die Verenigde State van Amerika.

3 Die hervorming van die Duitse strafreg

'n Kernaspek van die Duitse strafhervorming was dat korttermyngevangenisstraf grootliks uitgeskakel moes word, op grond daarvan dat dit eintlik vir niemand enige voordeel inhou nie. In die plek daarvan sou die boete 'n meer prominente rol speel.¹⁷ Voor die hervorming het die *Reichsstrafgesetzbuch* (Rykstrafkode of RStGB) voorsiening gemaak vir boetes wat in 'n enkele geldsom opgelê is. Hierdie boete is bepaal ooreenkomstig die erns van die misdaad en die oortreder se blaamwaardigheid, ter vergelding van die misdaad.¹⁸ Die RStGB het nie vereis dat die oortreder se finansiële vermoë in ag geneem moes word nie en dit was selfs omstrede of 'n hof dit hoegenaamd kon of behoort te doen.

Die instelling van die dagboetestelsel was net deel van die groter doel wat met straftoemeting bereik moes word. Hoewel hierdie artikel nie ruimte laat vir 'n in-diepte bespreking van hierdie doel nie, is dit uiters belangrik om te meld dat die verskillende strawwe en die verbandhoudende maatreëls waarvoor die Duitse Strafkode (*Strafgesetzbuch* of StGB¹⁹) voorsiening maak, alles deel vorm van een groot geheel. Elke bepaling streef in effek die doel na wat vooraf vir die hele strafstelsel bepaal is en dit word ook deur die howe binne hierdie konteks toegepas.²⁰

Hervormings het beslis nie sonder probleme in die Duitse praktyk gevestig geraak nie. Inteendeel, dit het aansienlike aanpassings geverg. Daar is geweldig baie geskryf, en vele hofuitsprake was nodig om die gebruike te vestig wat tans bestaan. Een van die probleme wat oorkom moes word was om te

¹⁵ Vgl ook Suid-Afrikaanse skrywers soos Van Rooyen *Doelgerigte Straftoemeting: 'n Regsvergelende Ondersoek na Wysies om die Straftoemetingsdiskresie te Reguleer* (1986) 36ev; Middleton *Judicial Considerations Concerning the Imposition of Criminal Punishment: A Historical Survey* (1983) 595; Van der Merwe "Straftoemeting: Intuisie of Wetenskap?" 1982 *De Jure* 264.

¹⁶ Vgl Robbers *An Introduction to German Law* 4 uitg (2006) 65-66 (dit is wel so dat die sentrale regering en die state konkurrente jurisdiksie oor baie aangeleenthede binne die straf- en prosesreg geniet).

¹⁷ Vgl Weigend "Fines Reduce Use of Prison Sentences in Germany" in *Intermediate Sanctions* 43-45.

¹⁸ Grebing "Die Geldstrafe im Deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems" in *Geldstrafe* 72. Vgl ook Malolepszy *Geldstrafe und unbedingte Freiheitsstrafe nach Deutschem und Polnischem Recht* (2007) 35-65.

¹⁹ Letterlik vertaal beteken dit "Strafwetboek".

²⁰ Vgl Van Rooyen *Doelgerigte Straftoemeting* 41. Enige bestudering van die Duitse strafstelsel toon duidelik dat motiverings vir stellings in die standaardwerke oor die StGB baie dikwels juis op hierdie groter doel vir die hele strafstelsel berus.

keer dat vonnisopleggers die boetebedrag eenvoudig volgens die tradisionele metode bepaal en eers daarná in die twee komponente van 'n dagboetestelsel verdeel.²¹

4 Enkele relevant aspekte van die Duitse strafstelsel

Dit is ter aanvang nodig om kortliks uit te wei oor die regsagtergrond waarteen vonnisoplegging in die algemeen, en die boete in besonder, in Duitsland afspeel.

4.1 Duitse strafreg is gekodifiseerd

Die Duitse strafreg is gekodifiseer²² in die StGB. Die StGB bevat nie alleen die algemene beginsels van die strafreg en omskrywings van die algemene misdade nie, maar beskryf ook die vonnisse wat opgelê kan word en die omstandighede waaronder dit behoort te gebeur in aansienlike detail.

Misdade word in die Duitse strafreg gekategoriseer as òf *Verbrechen* òf *Vergehen*.²³ Kragtens artikel 12 van die StGB is *Verbrechen* misdade waarvoor gevangenisstraf van minstens een jaar of meer voorgeskryf word, terwyl die minimum voorgeskrewe straf by *Vergehen* korter as een jaar gevangenisstraf, of 'n boete, is. Tydens die strafreghervorming van 1975 is baie geringe misdade, soos minder ernstige verkeersoortredings, gedekriminaliseer tot *Ordnungswidrigkeiten*.²⁴ *Ordnungswidrigkeiten* word nie met strawwe in die gewone sin van die woord bestraf nie, maar wel met *Geldbuße*.²⁵

Die algemene misdade word nie net volledig in die Duitse strafkode omskryf nie, maar gewoonlik ook van 'n strafbepaling voorsien. Enkele voorbeelde is hier gepas. Hoogverraad teen die federale regering is strafbaar met lewenslange gevangenisstraf of gevangenisstraf van nie minder nie as tien jaar.²⁶ Meeneed in 'n hof is strafbaar met gevangenisstraf van nie minder nie as een jaar.²⁷ 'n Redelik ernstige aanranding is strafbaar met gevangenisstraf van tot drie jaar, of met 'n boete,²⁸ en (normale)²⁹ diefstal met gevangenisstraf van tot vyf jaar of met 'n boete.³⁰ Daar word nie deurgaans uitdruklik vir boetes voorsiening gemaak nie en strafbepalings verwys nie na maksimum boetebedrae nie.³¹

²¹ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 89; Stree in *Strafgesetzbuch*: § 40 k 15. Om hierdie gevaar te vermy het veral Zipf "Zur Ausgestaltung der Geldstrafe im kommenden Strafrecht" 1965 (77) *Zeitschrift für die gesamte Strafrechtswissenschaft* 544ev voorgestel dat die bepaling van die waarde van die dagtarief heeltemal geskei word van die vasstelling van die aantal strafeenhede, en dat dit inderdaad deur verskillende instansies gedoen behoort te word. Teoreties sou dit die tweeledige proses behoorlik onderskei, maar oor die algemeen is gemeen dat min deur so 'n verdeling gewen sou word.

²² Snyman *A Draft Criminal Code for South Africa* (1995) xxvii vir argumente ten gunste van kodifikasie van die Suid-Afrikaanse strafreg.

²³ Sommige misdade, meesal onbeduidende *Vergehen*, staan ook as *Antragsdelikte* bekend. Vervolging vind in hierdie gevalle slegs op versoek plaas – vgl Roxin *Strafverfahrensrecht* 25 ed (1998) 73.

²⁴ Dit kan as administratiewe vergrype beskryf word – vgl Eser 1989 *De Jure* 9.

²⁵ Letterlik vertaal "geldboete". Dit word egter tegnies van die normale boete (wat 'n straf is) onderskei.

²⁶ A 81(I). Dit is dus 'n voorbeeld van 'n *Verbrechen*.

²⁷ A 154(I) – nog 'n voorbeeld van 'n *Verbrechen*.

²⁸ A 223(I) – 'n voorbeeld van 'n *Vergehen*.

²⁹ In geval van ernstige diefstal geld 'n ander strafbepaling.

³⁰ Para 242(I) – nog 'n voorbeeld van 'n *Vergehen*.

³¹ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 66.

Spesiale voorsiening vir die oplegging van boetes word in artikel 47(II)³² van die StGB gemaak, met addisionele voorsiening in artikel 49(II) van die StGB.³³ Die gevolg is dat boetes vir meeste misdade opgelê kan word.

4 2 Duitse howe

Duitsland het 'n relatief ingewikkelde hofstelsel, maar straftoemeting vind hoofsaaklik in die “gewone” howe plaas.³⁴ Op die laagste vlak is daar die *Amtsgericht*, wat rofweg met 'n Suid-Afrikaanse distriks-hof vergelyk kan word. Bo dit is die *Landgericht* en dan die hoogste gewone hof in elke staat, die *Oberlandesgericht* (of, soos in Beiere, die *Oberste Landgericht*). Op nasionale vlak is die hoogste gewone hof die *Bundesgerichtshof*.³⁵ Die howe op die eerste drie vlakke is almal howe van eerste instansie. Die howe op die boonste drie vlakke kan beroepe teen die beslissings van die howe op die laer vlakke aanhoor.³⁶

Al is daar strengesproke nie 'n presedentestelsel in die Duitse reg nie, is dit nie so dat die beslissings van die hoër howe die laer howe nie beïnvloed nie. Robbers verduidelik die posisie soos volg:³⁷

“In the great majority of cases the lower courts follow the decisions of the higher courts. The power of the higher courts to restructure the law can hardly be emphasised enough. The superior courts often formulate a type of headnote containing the *ratio decidendi* of the case (*Leitsatz*), which is printed at the head of the published version of the decision. These, by now, have achieved a quasi-normative force.”

5 Die besluit om 'n boete op te lê

5 1 Algemene beginsels van vonnisoplegging

Die algemene beginsels van vonnisoplegging word vervat in artikel 46 van die StGB.³⁸ Dit geld ongeag die tipe straf wat opgelê word.³⁹ Artikel 46 lui soos volg:⁴⁰

³² Dit lui: Indien 'n wet geen boete voorskryf nie en gevangenisstraf van ses maande of langer ook nie ter sprake is nie, lê die hof 'n boete op indien die oplegging van gevangenisstraf nie kragtens a 47(I) noodsaaklik is nie – kyk die bespreking van a 47(I) in para 5 2 hieronder.

³³ Hierdie bepaling maak onder bepaalde omstandighede voorsiening vir die oplegging van 'n boete wanneer versagting van die voorgeskrewe straf binne die diskresie van die hof is. 'n Voorbeeld van 'n verpligte versagting van straf is in a 27(II) StGB te vinde, wat lui dat die straf vir begunstiging (*der Beihilfe*) op die strafbepaling van die hoofmisdad gebaseer moet word, maar dan ooreenkomstig a 49(I) versag moet word – vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems” in *Geldstrafe* 66; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 49 k 3.

³⁴ Vir 'n kort uiteensetting van die hofstelsel, kyk Robbers *Introduction to German Law* 28-32.

³⁵ Robbers *Introduction to German Law* 30. Beslissings van die *Bundesgerichtshof* word in hofverslae gepubliseer. In die geval van strafsake is dit die *Entscheidungen des Bundesgerichtshofes in Strafsachen*. Verwysings na sulke beslissings bevat die afkorting vir die hof (BGH), gevolg deur die volume nommer en die bladsy. Die name van partye verskyn nie in die beslissings nie en dit is ook nie gebruik om die datum in te sluit nie. Weens die belangrikheid van datums in die Suid-Afrikaanse konteks, word dit in hierdie bydrae wel ingevoeg.

³⁶ Roxin *Strafverfahrensrecht* 27-28.

³⁷ Robbers *Introduction to German Law* 21.

³⁸ Geweldig baie is oor a 46 geskryf – vgl bv Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 338-387; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 1402-1494; Theune in Laufhütte, Rissing-van Saan & Tiedemann *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar – Großkommentar* 2 12 uitg (2006) 1049-1178. Elkeen van hierdie boeke bevat weer bladsye se verwysings na ander bronne daarvoor.

³⁹ Mbt die oplegging van boetes, vgl Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 22.

⁴⁰ Die vertaling poog om die Duitse regstaal so akkuraat moontlik weer te gee. In die proses is daar onder andere gebruik gemaak van 'n Engelse vertaling wat vroeër deur die Federale Departement van Justisie vrygestel is – vgl www.iuscomp.org/gla/statutes/StGB.htm (besoek op 29-07-2008).

Grondbeginsels vir straftoemeting

- I. Die blaamwaardigheid⁴¹ van die oortreder is die grondslag⁴² vir die oplegging van die straf. Die uitwerking wat die straf na verwagting in die toekoms op die oortreder se lewe in die gemeenskap sal hê, word in ag geneem.
- II. By die oplegging weeg die hof die omstandighede, wat ten gunste van én teen die oortreder tel, teen mekaar op. Die volgende faktore word veral in ag geneem:
 - die oortreder se motiewe en bedoeling,⁴³
 - die gesindheid, soos dit uit die misdaad blyk, en kwaadwilligheid soos dit in die misdaad vergestalt is,⁴⁴
 - die omvang van enige pligsversuim,
 - die wyse waarop die misdaad gepleeg is, en die gevolge van die misdaad wat teen die dader gehou kan word,⁴⁵
 - die lewenswyse van die oortreder voor die misdaad,⁴⁶ sy persoonlike en finansiële omstandighede, asook
 - die oortreder se optrede na die misdaad, veral enige moeite om skade te vergoed, asook die bemoediening om met die slagoffer tot 'n vergelyk te kom.
- III. Omstandighede wat reeds elemente van die statutêre misdaadomskrywing uitmaak, mag nie in ag geneem word nie.

5.2 Korttermyngevangenisstraf slegs in uitsonderingsgevalle

Die volgende algemene beginsel is dat korttermyngevangenisstraf, dit wil sê minder as ses maande gevangenisstraf, kragtens artikel 47(I) van die StGB net in uitsonderlike omstandighede opgelê word,⁴⁷ wat òf met die besondere misdaad òf die persoonlikheid van die oortreder te make het. Hierdie omstandighede moet die oplegging van gevangenisstraf onvermydelik maak. Dit moet onvermydelik wees in die sin dat gevangenisstraf noodsaaklik is om die oortreder te beïnvloed of te rehabiliteer⁴⁸ of die regsorde te beskerm.⁴⁹ Dit is inderdaad net in uitsonderlike omstandighede dat daar aan al hierdie vereistes voldoen kan word.

Dit is artikel 47, wat die boete 'n hoër prioriteit gee as korttermyngevangenisstraf, wat aanleiding gegee het tot die baie wyer aanwending van boetes in

⁴¹ "Schuld..." Die versoeking om hierdie begrip met "skuld" te vertaal is aansienlik, maar dit gaan hier inderdaad oor die mate waarin die dader persoonlik vir die besluit om die daad te begaan geblameer kan word – vgl Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts: Allgemeine Teil* 5 uitg (1996) 404 ("Schuld bedeutet danach, daß die Maximen, von denen sich der Täter bei der Willensbildung hat leiten lassen, negativ zu bewerten sind und daß ihm die Tat deshalb persönlich zum Vorwurf gemacht werden kann..."). Kyk ook Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 1422 k 22, wat die onderskeid tref tussen "skuld" vir doeleindes van vonnisoplegging (*Strafzumessungsschuld*) en die skuld wat aanspreeklikheid fundeer (*Strafbegründungsschuld*); Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 46 k 8 (die skrywers beklemtoon dat dit hier handel oor hoe groot die oortreder se *Schuld* is). Dit gaan dus hier oor proporsionaliteit van die straf, maar dit word in die Duitse reg slegs gebruik as 'n strafflapon – dit is slegs 'n hoër straf as wat deur die oortreder se *Strafzumessungsschuld* regverdig kan word, wat ontoelaatbaar sou wees (vgl Nobis "Strafbergrenze durch hohes Alter" 2006 (26) *Neue Strafrecht Zeitschrift* 489, 491).

⁴² "ist Grundlage..."

⁴³ "die Beweggründe und die Ziele des Täters".

⁴⁴ "die Gesinnung, die aus der Tat spricht, und der bei der Tat aufgewendete Wille".

⁴⁵ "die Art der Ausführung und die verschuldeten Auswirkungen der Tat".

⁴⁶ "das Vorleben des Täters". Dit verwys veral na vorige veroordelings en ander tekens van onwettige optredes – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 46 k 37.

⁴⁷ Korttermyngevangenisstraf het meeste van die nadele van gevangenisstraf (ontwrigting van gesins- en werksverband, inwyding in gevangenskultuur, stigmatisering) sonder om enige kans te bied vir herformingsmaatreëls wat aangebied word om doeltreffend te kan wees – Weigend "Fines" in *Intermediate Sanctions* 43-44.

⁴⁸ "zur Einwirkung auf den Täter".

⁴⁹ *zur Verteidigung der Rechtsordnung...*

Duitsland.⁵⁰ Dit is dus belangrik om kortliks te kyk wat bedoel word met die twee maatstawwe wat in artikel 47(I) vervat word.

5 2 1 Die beïnvloeding van die oortreder

Hierdie eerste maatstaf is gemik op die individuele afskrikking van die oortreder.⁵¹ Literatuur bevat heelwat voorbeelde van omstandighede wat die oplegging van korttermyngevangenisstraf onvermydelik kan maak.⁵² Sonder twyfel is die onvermoë van die oortreder om 'n boete te betaal *nie* een van hierdie faktore nie.⁵³ Vorige veroordelings as sodanig maak korttermyngevangenisstraf ook nie onvermydelik nie, onder andere omdat dit nie die doel van straf is om die oortreder te “genees” nie.⁵⁴

Oorwegings wat al vir uitsonderingsgevalle aan die hand gedoen is, sluit gevalle in waar 'n boete alleen (of saam met 'n ander maatreël soos die intrekking van die bestuurslisensie of die uitreiking van 'n bestuursverbod) ontoereikend voorkom, terwyl die afskrikking van die oortreder deur middel van voorwaardelike opgeskorte gevangenisstraf⁵⁵ verkieslik is. In ander gevalle sou 'n boete waarskynlik min indruk maak op die oortreder, soos by sekere dwelmoortredings of hardnekkige weiering om onderhoud te betaal. By die toepassing van die uitsonderlike omstandighede sal die hof egter altyd in gedagte hou dat dit die wetgewer se standpunt was dat korttermyngevangenisstraf in beginsel 'n skadelike uitwerking op alle oortreders het.⁵⁶

'n Vraag wat voor die hervorming dikwels na vore gekom het, was of rykdom 'n oorweging kon wees om eerder korttermyngevangenisstraf as 'n boete op te lê – in sulke gevalle sal die boete die oortreder mos nie so hard tref nie. Met die aanvaarding van die dagtariefstelsel het hierdie vraagstuk egter heeltemal vervaag.⁵⁷

⁵⁰ Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 1: “Die Verhängung kurzer Freiheitsstrafen, d.h. solcher unter sechs Monaten, wird drastisch eingeschränkt, ohne dass sie völlig abzuschafft wäre”. Die korrekte aanwending van a 47 was deurslaggewend vir die sukses van die boete – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 64.

⁵¹ Vgl Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 1362.

⁵² Vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 64; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 47 k 7, 10; Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 20-26.

⁵³ Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 20. In hierdie gevalle moet a 42 StGB (wat met betalingsverligting handel) en a 459c ev StPO (*Strafprozeßordnung*) (wat voorsiening maak vir die tenuitvoerlegging van opgelegde boetes) aangewend word – kyk 7 1 hieronder.

⁵⁴ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 47 k 11.

⁵⁵ A 56 StGB maak voorsiening vir die opskorting van gevangenisstraf. Dit stem in wese, maar nie noodwendig in uitvoering nie, met die soortgelyke Suid-Afrikaanse maatreël ooreen. Dit word altyd gekoppel aan proefplasing (*probation*) en die algemene voorwaarde dat 'n nuwe misdaad nie tydens die tydperk van proefplasing gepleeg word nie. Verskeie ander bevele (*Auflagen*) en instruksies (*Weisungen*) kan ook aan die opskorting gekoppel word – vgl Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 840-844; Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 447-448. Die voorwaardes stem ooreen met die voorwaardes in a 297 van die Suid-Afrikaanse Straffeswet 51 van 1977, en instruksies kan huisarres, instruksies oor vrytydsbesteding, ensomeer insluit.

⁵⁶ Streng in Kindhäuser et al (reds) *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch I 2* uitg (2005) § 47 k 2-3.

⁵⁷ Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 23.

5 2 2 Beskerming van die regsorde

Volgens Grebing bestaan daar eenstemmigheid dat die tweede kriterium, naamlik die beskerming van die regsorde, algemene afskrikking in gedagte het.⁵⁸ Korttermyngevangenisstraf kan ter beskerming van die regsorde onvermydelik wees wanneer 'n boete vir die gemeenskap in 'n besondere geval onbegryplik sou wees of hulle vertroue in die regstelsel ernstig sou benadeel.⁵⁹

Wanneer al die drade van die voorafgaande bespreking bymekaar getrek word, behoort dit duidelik te wees dat die oplegging van 'n boete vir meeste misdade eenvoudig die verhoorhof se vertrekpunt sal wees. Dit was inderdaad die doel van die hervorming, en dit is die gevolg van die oorwegings wat in artikel 47 uiteengesit word en die hoë maatstawwe wat gestel word vir die oplegging van korttermyngevangenisstraf, in samehang met die tradisie om uiters ekonomies met gevangenisstraf as hulpbron om te gaan. Gevangenisstraf van minder as ses maande word slegs in uitsonderlike gevalle opgelê. Anders word 'n boete gebruik.⁶⁰ Boetes is dan ook die vonnis wat in sowat 80% van alle strafsake opgelê word.⁶¹ Wanneer in ag geneem word dat verkeersoortredings en ander geringe misdade nie by hierdie syfer ingesluit word nie, is so 'n hoë persentasie, uit 'n Suid-Afrikaanse oogpunt, niks anders as merkwaardig nie.

6 Die oplegging van boetes

6 1 Statutêre voorsiening

Artikel 40 van die StGB bepaal hoe die omvang van boetes bereken moet word. Dit lui soos volg:

- (I) Die boete⁶² word in dagtariewe (dageenhede)⁶³ opgelê. Dit bedra minstens vyf dagtariewe en, indien die Wet nie anders bepaal nie, hoogstens 360 volle dagtariewe.
- (II) Die hof bepaal die omvang⁶⁴ van 'n dagtarief met inagneming van die persoonlike en finansiële omstandighede van die oortreder. In hierdie proses is die normale uitgangspunt die netto-inkomste⁶⁵ wat die oortreder gemiddeld per dag verdien of sou kon verdien. 'n Dagtarief word op minstens €1 en hoogstens €5 000 vasgestel.
- (III) Die inkomste van die oortreder, sy vermoë en ander grondslae⁶⁶ vir die berekening van 'n dagtarief kan geskat word.
- (IV) In die uitspraak word beide die getal en die omvang van die dagtariewe aangegee.

Die volgende is onmiddellik duidelik uit subartikel (I):

⁵⁸ "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 64. Kyk ook Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 27.

⁵⁹ Streng in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch I* § 47 k 5; Theune in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 47 k 27.

⁶⁰ Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 441.

⁶¹ Kyk 9 hieronder.

⁶² *Die Geldstrafe*.

⁶³ *Tagessätzen*.

⁶⁴ *die Höhe*.

⁶⁵ *dem Nettoeinkommen*.

⁶⁶ *andere Grundlagen*.

- Tussen vyf en 360 dageenhede kan opgelê word.⁶⁷
- Die waarde van 'n dageenheid beloop vanaf €1 tot €5 000.⁶⁸
- Breukdele van dageenhede is ontoelaatbaar.⁶⁹

Subartikel (I) vereis duidelik die oplegging van 'n getal dageenhede, terwyl subartikel (II) die waarde van 'n dageenheid aanspreek. Beide die getal eenhede en die waarde (of tarief) van 'n eenheid moet in die uitspraak vermeld word.⁷⁰ Aangesien die uiteindelijke boetebedrag die produk van hierdie syfers is, beteken dit dat die boete vir 'n enkele misdaad enigiets van €5 tot €1 800 000 kan bedra.⁷¹ Enkele kommentators het voorgestel dat die eindsom ook in die uitspraak vermeld word, maar die oorwig van opinie is dat so 'n gebruik eintlik teen die gees van die dagboetestelsel is.⁷²

Die oplegging van boetes word basies beperk tot volwasse oortreders. Dit is nie beskikbaar as straf in die jeugstrafstelsel nie.⁷³ Jeugdige word in die praktyk wel dikwels veroordeel tot betaling van 'n bedrag geld as 'n sogenaamde tugmiddel, of as voorwaarde vir proefplasing, ingevolge die bepaling van die *Jugendgerichtsgesetz* (JGG of Wet op die Jeuggeregshof).⁷⁴

Die Duitse reg erken eweneens geen strafregtelike aanspreeklikheid vir regs persone of verenigings van persone nie. Geen straf kom dus vir sodanige instansies ter sprake nie.⁷⁵

Die twee wesenselemente van artikel 40, naamlik die bepaling van die getal strafeenhede en die berekening van die waarde van so 'n eenheid, vereis 'n volledige bespreking, waartoe vervolgens oorgegaan word.

⁶⁷ Indien die oortreder vir meerdere misdade gevonniss word, maak a 54(II) van die StGB egter voorsiening vir die oplegging van tot 720 dageenhede.

⁶⁸ Die begrensing van die waarde van die dagtariewe in die StGB was baie omstrede, want ideaalgesproke behoort dit onbeperk by die vermoë van die oortreder aangepas te kan word – vgl bv Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 18 (samevatting van die argumente teen die begrensing; nietemin is die slotsom dat, hoewel die onderste grens nie te laag is nie, die boonste grens onnodig hoog is in vergelyking met lande soos Swede (€150) en Oostenryk (€210). Ten spyte van die besware het die Groot Strafrekomsmissie, by wyse van 'n meerderheidsbesluit, die grense ingevoeg – vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 91.

⁶⁹ *Oberlandesgericht* (OLG) Köln (1976) *Monatsschrift für deutsches Recht* 597.

⁷⁰ Sub-a (IV).

⁷¹ Vgl ook Robbers *Introduction to German Law* 170. Die maksimum word €3,6miljoen in geval van skuldigbevinding weens meerdere misdade – vgl vn 69 hierbo.

⁷² Vgl Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 319 k 25; BGHSt (1979) 28 361 (die beslissings van die verhoorhof gee nie die totale boete aan nie). Dit is noodsaaklik dat die vasstelling van die aantal eenhede en die tarief van 'n eenheid nie met mekaar vermeng word nie – BGH 1 StR 118/92.

⁷³ “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 68; Ostendorf *Jugendgerichtsgesetz: Kommentar* 6 uitg (2003) § 6 k 3, §74 k 6. In die Duitse reg word jeugdige oortreders (kinders onder 18 jaar oud) basies uitsluitlik in 'n aparte strafstelsel hanteer. Hierdie jeugstrafstelsel word in die geval van *Heranwachsende* (jongmense van 18 tot 21) ook normaalweg gebruik – Albrecht in Tonry (red) *Penal Reform in Overcrowded Times* (2001) 140. Boetes is nie 'n bevoegde vonnis in die jeugstrafstelsel nie. Ten einde die boete wel in die geval van *Heranwachsende* te kan aanwend is dit gevolglik nie uitsonderlik dat die gewone strafstelsel in die geval van sekere misdade, veral verkeersmisdade, gebruik word nie – Eisenberg *Jugendgerichtsgesetz* 12 uitg (2007) § 105 k 5.

⁷⁴ Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 768. Ten spyte van die naam, skep die JGG nie net die jeughof nie, maar voorsien uitgebreide bepalinge vir die hele jeugstrafstelsel.

⁷⁵ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 68; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 453 k 2.

6 2 Bepaling van die getal dageenhede

Die vasstelling van die getal dageenhede word algemeen as die eerste straftoemtingshandeling beskou.⁷⁶ Die persoonlike omstandighede van die oortreder moet wel by straftoemeting oorweeg word,⁷⁷ maar weens die spesiale voorskrif in artikel 40(II) word dit slegs in berekening gebring by die vasstelling van die waarde van die dagtarief.⁷⁸ Die persoonlike en finansiële omstandighede van die oortreder kan die bepaling van die aantal dageenhede slegs beïnvloed vir sover dit die oortreder se blaamwaardigheid raak, soos byvoorbeeld indien iemand weens finansiële nood sou steel.⁷⁹

Die getal dageenhede is 'n weerspieëling van die erns van die misdaad; dit word, ooreenkomstig die algemene beginsels van vonnisoplegging, verbind aan die “blamwaardigheid van die oortreder” en die “onreg wat uit die daad voortspruit”.⁸⁰ Dit beteken dat die eerste straftoemtingshandeling beheers word deur die algemene beginsels vir vonnisoplegging, soos dit in artikel 46 van die StGB vervat word en wat vir enige strafvorm sou geld.⁸¹

Dit is deels omstrede of die tydperk gevangenisstraf wat in 'n betrokke geval gepas sou wees, benut kan word om te bepaal hoeveel dageenhede opgelê behoort te word. Aanvanklik het meeste kommentators oënskynlik die standpunt gehuldig dat dit eenvoudig ontoelaatbaar is, omdat 'n dag gevangenisstraf 'n swaarder straf is as betaling van 'n dag se inkomste.⁸² Tans word meesal aanvaar dat daar wel 'n ooreenstemmende strafwaarde is. Selfs indien aanvaar word dat 'n boete 'n ligter straf is, is dit eintlik onmoontlik om presies te bepaal hoeveel dageenhede en hoeveel gevangenisstraf werklik dieselfde straf beteken.⁸³

Albrecht verduidelik dat daar in die praktyk duidelike riglyne vir die oplegging van die aantal dageenhede ontwikkel het, wat gelei het tot 'n groot mate van konsekwentheid by die oplegging van boetes. Dit geld veral vir misdade wat dikwels voorkom, soos verkeersmisdade en minder ernstige eiendoms- en vermoëns misdade.⁸⁴ Hierdie praktyk word geensins as 'n probleem gesien nie, en word inderdaad ook gevolg in die geval van gevangenisstraf en ander strafvorme. Hy vervolg (vry vertaal):

⁷⁶ Vgl Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 313 k 5. Dit kan selfs as die eintlike straftoemtingshandeling beskryf word (vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 80), omdat dit aan die erns van die misdaad gekoppel word.

⁷⁷ Vgl a 46(II).

⁷⁸ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 96.

⁷⁹ Vgl Horn “Das Geldstrafensystem des neuen Allgemeinen Teil des StGB” 1974 (27) *Neue Juristische Wochenschrift* 625; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 1361 k 16.

⁸⁰ “Schuld des Täters” en “Unrechtsgehalt der Tat” – vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 96; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 46 k 8-10. Hierdie begrippe is berug ingewikkeld om te vertaal.

⁸¹ Para 5 1 hierbo.

⁸² Vgl bv Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 43 k 4a.

⁸³ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 16. Vgl ook Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 4.

⁸⁴ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 17. Vgl ook Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 4. Vir beswaar teen hierdie praktyk, vgl Grebing “Probleme der Tagessatz-Geldstrafe” 1976 (88) *Zeitschrift für die gesamte Strafrechtswissenschaft* 1049 1060.

“Hierdie riglyne bind die verhoorhewe natuurlik nie, maar is welkom as vertrekpunte vir ’n straf-toemetingstelsel wat gelykwaardig, gestandaardiseerd en deursigtig is.”⁸⁵

6 3 Berekening van die waarde van ’n dageenheid

6 3 1 Inleiding

Die berekening van die dagtarief of, anders gestel, die waarde van ’n dageenheid, is die tweede stap in die straftoematingsproses.⁸⁶ Daar word alleen tot hierdie tweede stap oorgegaan nadat die aantal strafeenhede reeds vas staan. Hierdie vereiste verhoed dat die hof eers ’n totale boetebedrag kies en dit daarna verdeel.⁸⁷

Die wetgewer se riglyne vir hierdie tweede stap verskyn in artikel 40(II) en 40(III). Daarvolgens moet die dagtarief bepaal word met inagneming van die oortreder se persoonlike en finansiële omstandighede, soos dit geld ten tyde van die hof se uitspraak.⁸⁸ Dit is die behoorlike toepassing van hierdie proses wat moet verseker dat ’n welgestelde oortreder vir dieselfde misdaad net so hard gestraf word as ’n behoeftige persoon. Dit vorm dus die grondslag vir die dagboetestelsel se kernbeginsel van “opofferingsgelykheid” (*Opfergleichheit*).⁸⁹

Die proses om die dagtarief te bepaal is dikwels vol komplikasies en het aanvanklik tot heelwat praktiese probleme gelei.⁹⁰ Die basis van die oortreder se finansiële omstandighede, waarna daar in artikel 40(III) verwys word, is in Duitsland sy netto-inkomste per dag.⁹¹ Daar is op hierdie grondslag⁹² besluit weens ’n besorgheid dat ’n ander maatstaf by die oorskakeling na die dagboetestelsel tot té lae boetes sou lei.⁹³ Een so ’n ander maatstaf is die “inboet”-beginsel, wat in die Skandinawiese lande gebruik word,⁹⁴ en wat aanvanklik ook as ’n moontlike maatstaf vir die Duitse reg oorweeg is.⁹⁵ Daarvolgens word die oortreder net van daardie bedrag ontnem waarsonder hy op ’n daaglikse basis kan klaarkom “met uiterste spaarsamigheid”.⁹⁶ Dit

⁸⁵ 1060 (“Entsprechende Regelsätze sind natürlich für die Strafzumessungsentscheidung nicht verbindlich, jedoch als Anhaltspunkte für eine gleichmäßige, vereinheitlichte und durchsichtige Strafzumessung begrüßenswert”).

⁸⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* r 313 k 6; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 18.

⁸⁷ Vgl vn 23 hierbo. Dit is inderdaad ’n vereiste dat die beslissings oor die aantal dageenhede en die tarief van ’n dageenheid heeltemal onafhanklik van mekaar beoordeel word (vgl bv BGHSt (1986) 34 92).

⁸⁸ BGHSt (1979) 28 362. Vir die sukses van ’n boete help dit nie om na enige ander tydstop as die huidige te kyk nie – as die misdadiger nie nou kan betaal nie, help dit niks dat hy in die verlede geld gehad het nie.

⁸⁹ Naucke “Die Formulierung des Tenors bei der Verurteilung zu Geldstrafe” 1978 (31) *NJW* 407; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 6.

⁹⁰ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 98. Meeste van die materiaal wat oor die boete geskryf is, handel juis oor die netto-inkomstebeginsel.

⁹¹ A 40(II).

⁹² Dit is nie bloot ’n “uitgangspunt” nie – Horn “Alter Wein in neuen Schläuchen” 1974 (29) *Juristenzeitung* 287 289. Daar is baie laat in die hervormingsproses eers op hierdie maatstaf besluit – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 98.

⁹³ Horn 1974 (29) *JZ* 287.

⁹⁴ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 1286.

⁹⁵ Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 8.

⁹⁶ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 1285 (*bei äußerster Sparsamkeit entbehren kann*).

is duidelik hoekom die netto-inkomstebeginsel tot groter boetes lei – meeste mense se netto-inkomste is meer as die bedrag waarsonder hulle met uiterste spaarsamigheid kan klaarkom.

6 3 2 Algemene uitgangspunte by berekening van netto-inkomste

Voordat die detail van die netto-inkomstebeginsel bespreek word, is dit belangrik om te verwys na twee belangrike uitgangspunte wat in die vasstelling van die oortreder se vermoë geld:

- (i) Daar word nie van die howe verwag om die netto-inkomste presies te bereken nie. Die hof word inderdaad 'n taamlik wye diskresie gegun.⁹⁷ Dit is die geval omdat 'n hele aantal faktore 'n rol speel by die berekening van netto-inkomste en omdat die beoordeling van die gewig wat elke faktor behoort te dra deur die verhoorregter vasgestel moet word. Artikel 40(II) vereis die inagneming van die persoonlike en finansiële omstandighede van die oortreder, waarby normatiewe faktore ook 'n rol speel.⁹⁸ 'n Suiwer skematiese berekening is dus nie aangewese nie en die wetgewing suggereer ook nie presiese akkuraatheid nie.⁹⁹
- (ii) Die tweede basiese uitgangspunt sluit hierby aan. Dit is naamlik dat, al het die boete in die eerste plek ten doel om die lewenstandaard van die oortreder in te perk, dit nie die gedagte is om hom in ellende en armoede te dompel nie.¹⁰⁰

Uiteindelik moet die verhoorregter toesien dat die grondslae van straf-toemeting uit die vonnis blyk en dat die besondere omstandighede van elke geval behoorlike aandag kry.¹⁰¹ Enige hersieningshof moet die vonnisoplegger se beoordeling “tot by die grens van die regverdige” aanvaar.¹⁰²

Twee faktore wat geen invloed op die waarde van die dagtarief het nie (en veral nie tot 'n verhoging van die dagtarief mag lei nie), is die verlening van *Zahlungserleichterung* (betalingsverligting) of enige verwagting dat 'n derde party die boete sal betaal.¹⁰³

6 3 3 Die betekenis en bepaling van “netto-inkomste”

Vir doeleindes van die dagboetestelsel is netto-inkomste basies die inkomste wat die oortreder per dag toeval, minus aftrekbare uitgawes of laste.¹⁰⁴ Die

⁹⁷ Vgl bv Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 22.

⁹⁸ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 19; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 6.

⁹⁹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 6, k 21.

¹⁰⁰ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 23.

¹⁰¹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 6.

¹⁰² Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 6. Vir doeleindes van hersiening van die vonnisoplegger se beslissing, word sy diskresie begrens deurdat dit *an der rechtlichen Grenze der Zumutbarkeit endet* – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems” in *Geldstrafe* 128, vn 550. Dit is na hierdie grens wat die woorde tussen aanhalingstekens verwys.

¹⁰³ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 23 en § 42 k 2; Horn 1974 (27) *NJW* 627. Die term *Zahlungserleichterung* verwys na beide uitstel van betaling van die volle boete en betaling daarvan in paaiemente – kyk 7 2 hieronder. Niks verhoed 'n derde party om die boete te betaal nie – cf hieroor, in die algemeen, Scholl “Die Bezahlung eine Geldstrafe durch Dritte” 1999 (19) *NSZ* 599.

¹⁰⁴ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 313 k6; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 8.

verwysing in artikel 40(II) na gemiddelde netto-inkomste dui daarop dat 'n daaglikse inkomste bereken moet word uit die inkomste wat oor 'n tydperk ontvang word.¹⁰⁵ Indien veranderinge nie voorsien word nie, kan die inkomste per dag redelik maklik bereken word,¹⁰⁶ maar inkomste is in die geval van baie oortreders nie 'n reëlmatige gebeurtenis nie.

Maandelikse inkomste word in die praktyk normaalweg as grondslag geneem vir die berekening van daaglikse netto-inkomste.¹⁰⁷ Kommentators verskil egter aansienlik van mekaar oor die ideale tydperk.¹⁰⁸ Oortreders wat nie dwarsdeur die jaar 'n konstante inkomste verdien nie, soos seisoenswerkers en kunstenaars, skep altyd probleme vir die stelsel.¹⁰⁹ Ongeag die tydperk wat as basis geneem word, word daar na elke dag binne die betrokke tydperk gekyk. 'n Hof kan byvoorbeeld nie net na werksdae kyk en naweke uitsluit nie,¹¹⁰ met die gevolg dat die gemiddelde maandelikse inkomste normaalweg deur 30 gedeel word om by daaglikse inkomste uit te kom.¹¹¹ Buitengewone ekonomiese probleme en selfs kortstondige werkloosheid word geïgnoreer,¹¹² maar definitiewe veranderinge, byvoorbeeld aftrede of beëindiging van beroepsopleiding, word wel in ag geneem.¹¹³ Weens die reëlmatigheid wat inherent is aan die begrip “inkomste”, word eenmalige ontvangstes, soos skenkings, dobbelwinste of erflatings, ook nie in ag geneem nie.¹¹⁴

Die basiese uitgangspunt is dat enige finansiële voordeel wat 'n persoon toeval en wat sy finansiële vermoë en lewensstyl bepaal,¹¹⁵ by die berekening van netto-inkomste ingesluit word.

Dit sluit in inkomste as gevolg van enige werk (ongeach of dit salaris is of die inkomste wat iemand uit 'n eie bedryf verdien), rente of dividende wat uit beleggings ontvang word, huurinkomste uit die verhuring van bates, maatskaplike toelaes, voordele wat vir onderhoud ontvang word, ensovoorts.¹¹⁶ In al hierdie gevalle word slegs die oorskot in ag geneem nadat uitgawes wat

¹⁰⁵ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 101.

¹⁰⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 313 k 6.

¹⁰⁷ Vgl Gropp *Strafrecht: Allgemeiner Teil* 3 uitg (2005) 551; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 23.

¹⁰⁸ Een voorstel was dat 'n tydperk gebruik word wat 'n verteenwoordigende beeld sou gee van die oortreder se gemiddelde inkomste in die tyd wat die vonnis voorafgaan – Frank “Das ‘Nettoeinkommen’ des par 40 II 2 StGB” 1976 (30) *MDR* 628; Roos “Bestimmung der Tagessatzhöhe bei nachträglicher Bildung einer Gesamtgeldstrafe” 1976 (29) *NJW* 1483. Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 102 het 'n jaar voorgestel. Kyk ook Zipf 1965 (77) *ZStW* 546.

¹⁰⁹ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 101.

¹¹⁰ OLG Hamburg (1979) *MDR* 454; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 23.

¹¹¹ Gropp *Strafrecht* 551.

¹¹² OLG Hamburg (1975) *NJW* 2030.

¹¹³ OLG Hamm (1978) *JR* 166; Grebing “Frage der Tagessatzbemessung” 1978 *JR* 142 146; Frank 1976 (30) *MDR* 629; Meyer “Die Berücksichtigung der künftigen Einkommensentwicklung bei der Bemessung der Höhe eines Tagessatz” 1977 (31) *MDR* 19.

¹¹⁴ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 25; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 9. 'n Voorbeeld het in BGH 1 StR 118/92 voorgekom, waar die oortreder geld ontvang het uit 'n omkooptransaksie. Die bron van daardie geld het ten tyde van vonnisoplegging opgedroog en kon daarom nie meer as inkomste in ag geneem word nie.

¹¹⁵ Frank 1976 (30) *MDR* 626.

¹¹⁶ Vgl Frank 1976 (30) *MDR* 627; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 24. Slegs die oortreder se inkomste is ter sprake en nie dié van derde partye nie (Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 101), behalwe indien die oortreder self regstreeks of onregstreeks daarby baat (Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 9).

daarmee verband hou afgetrek is.¹¹⁷ Byvoorbeeld, om 'n persoon wat 'n inkomste verdien uit die verhuur van eiendom se netto-inkomste te bereken word uitgawes aan eiendomsbelasting, onderhoud van die eiendom, versekering, ensovoorts van die bruto inkomste afgetrek.¹¹⁸ Ander bedrae wat gewoonlik van bruto inkomste afgetrek word sluit in lopende belastings, advertensie-uitgawes, pensioenbydraes en sekere versekeringspaaie.¹¹⁹

Gewone salarisaftrekkings word normaalweg buite rekening gelaat. Dieselfde geld in die geval van verpligtinge soos rente op skuld of paaie op afbetalingsooreenkomste.¹²⁰ Skuld wat aangegaan is net om 'n luukser lewenstyl te kan geniet, word beslis buite rekening gelaat.¹²¹

Omdat alles wat die oortreder as inkomste toeval en sy vermoë en lewenstyl bepaal by netto-inkomste ingesluit word, word enige nie-kontant voordele, soos gratis losies (byvoorbeeld vir studente of soldate), die gebruik van 'n maatskappyvoertuig en gratis verpleging, ook daarby ingesluit.¹²² Tog word sekere natuurlike voordele buite rekening gelaat. Mense wat, byvoorbeeld, vir asiel aansoek doen en dan van gratis verblyf voorsien word maar nie toegelaat word om te werk nie, se gratis verblyf dien nie as inkomste nie. Sodanige voordele word dus eers in berekening gebring wanneer die persoon onbeperk 'n inkomste kan verdien.¹²³

Howe sal mense wat moeilike omstandighede beleef dikwels tegemoetkom. Uitgawes wat aangegaan word om 'n gestremde gesinslid te versorg of noodsaaklike benodighede vir 'n gestremde te bekom, moet altyd in ag geneem word.¹²⁴

Alhoewel onderhoudsverpligtinge as 'n aftrekking in ag geneem word,¹²⁵ is die houe se praktyke in hierdie verband nie eenvormig nie. Afhangend van plaaslike omstandighede gebruik houe dikwels aanknopingspunte met ander beginsels en maatstawwe wat met onderhoud verband hou, soos deur gebruik te maak van onderhoudstabelle.¹²⁶ Slegs onderhoudsbydraes wat inderdaad betaal is word in ag geneem. Agterstallige bedrae word buite rekening gelaat.¹²⁷

'n Hoë getal dageenhede (meer as 90) kan, wanneer dit tot té swaar bestrawing lei, ook 'n rede bied om die aantal dageenhede afwaarts aan te pas.¹²⁸ 'n Bekommernis dat baie hoë boetes meer gereedelik daartoe sal lei dat die boete nie ingevorder kan word nie en dat (alternatiewe) gevangenisstraf die

¹¹⁷ Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 9.

¹¹⁸ K 9.

¹¹⁹ K 9.

¹²⁰ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* 314 k 7.

¹²¹ OLG Hamm (1978) *JR* 166.

¹²² OLG Hamm (1976) *NJW* 1221; OLG Köln (1977) *NJW* 307; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 24.

¹²³ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 24.

¹²⁴ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 17.

¹²⁵ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 33.

¹²⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 14. In Skandinawië word een vyfde van die netto-inkomste vir 'n afhanklike vrou en een tiende vir elke afhanklike kind eenvoudig afgetrek – vgl Thornstedt "Skandinavische Erfahrungen mit der Tagesbüßensystem" 1974 (86) *Zeitschrift für die gesamte Strafrechtswissenschaft* 595 599; Tröndle "Anmerkung" 1977 *JR* 249.

¹²⁷ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 14.

¹²⁸ BGHSt 26 331; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 24.

uiteindelike resultaat sal wees, is onder andere hiervoor verantwoordelik.¹²⁹ Dit gebeur makliker by behoeftige mense as by vermoëndes, omdat die netto-inkomstebeginsel die arm oortreder met baie minder surplusfondse laat wanneer hulle 'n boete in paaiemente betaal.¹³⁰ Daar is egter steeds meningsverskil of so 'n aanpassing wenslik is.¹³¹

6 3 4 *Kapitale bates*

Die uitgangspunt dat netto-inkomste die grondslag vir die berekening van die dagtarief is, in samehang met die gedagte van reëlmatige inkomste, verduidelik hoekom kapitale bates normaalweg nie by die berekening van netto-inkomste ingesluit word nie.¹³² Hoe kapitaalvermoë die dagtarief moet beïnvloed, is steeds omstrede.¹³³ Beide die praktyk en die literatuur is duidelik terughoudend om bates by die netto-inkomste in te sluit.¹³⁴ Kapitale bates wat bloot die bron van netto-inkomste is, word beslis uitgesluit.¹³⁵ Die meeste kommentators is dit verder eens dat bates soos 'n eie woning, familienuis-terye en private versamelings ook buite rekening gelaat moet word.¹³⁶

Dit sou egter nie billik wees indien die dagtarief van iemand wat oor baie kapitaal bates beskik maar net 'n klein inkomste verdien, tot die inkomste beperk word nie. Indien die oortreder van die opbrengs van sy kapitaal 'n goeie bestaan voer, kan die dagtarief verhoog word.¹³⁷ 'n Ander metode om groter billikheid te bewerkstellig is om onmiddellike betaling van die boete te eis¹³⁸ of, in geval van 'n hoë getal dagtariewe, die waarde daarvan nie te verminder nie.¹³⁹

6 3 5 *Potensiële inkomste*

Artikel 40(II) maak verder voorsiening vir potensiële inkomste. Dit is dus nie net die oortreder se werklike verdienste wat in ag geneem word nie, maar ook wat hy na verwagting sou kon verdien.¹⁴⁰ Potensiële inkomste word eintlik net in ag geneem wanneer daar nie uitvoering gegee kan word aan die doel van die dagwaardestelsel nie, naamlik om die oortreder volgens sy werklike inkomste te beboet.¹⁴¹ Dit verhoed dat die oortreder bevoordeel word indien

¹²⁹ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 37.

¹³⁰ OLG Köln (1977) *NJW* 307. Kyk in hierdie verband 7 2 hieronder.

¹³¹ Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 773.

¹³² Vgl Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 12.

¹³³ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 27-32 (bevat 'n oorsig van verskillende standpunte oor wanneer kapitaal bates aangewend behoort te word).

¹³⁴ Kyk by Horn in Rudolphi, Horn & Samson *Systematischer Kommentar zum Strafgesetzbuch* (2006) § 40 k 11; Meyer "Berücksichtigung der Vermögenssubstanz bei der Bemessung der Höhe eines Tagessatzes" 1980 *MDR* 16; Grebing 1978 *JR* 144; Frank "Zur Überschreitung des Nettoinkommens bei der Tagessatzhöhe" 1979 (33) *MDR* 99.

¹³⁵ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 12.

¹³⁶ Vgl Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 12.

¹³⁷ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 12; Horn in *Systematischer Kommentar* § 40 k 11 (dit gaan weer oor die beginsel van "opofferingsgelykheid").

¹³⁸ Meyer 1980 *MDR* 19.

¹³⁹ Kyk 6 3 3 hierbo [teks by vn 128].

¹⁴⁰ OLG Köln (1977) 30 *NJW* 307; OLG Hamm (1978) 31 *NJW* 231.

¹⁴¹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 8.

hy op laakbare wyse sy arbeidskrag laat braak lê of sy verdienvermoë verminder.¹⁴² Terselfdertyd moet outonomie eerbiedig word en iemand wat van meet af aan besluit het op 'n eenvoudiger leefstyl kan nie daarvoor benadeel word nie, ongeag van wat iemand anders oor hulle potensiaal dink.¹⁴³

6 3 6 Vastelling van die finansiële omstandighede

Dit is eenvoudig logies dat 'n akkurate bepaling van die finansiële omstandighede van die oortreder 'n belangrike element vir die sukses van die dagboetestelsel is. Die vasstelling van die inkomste van die oortreder is in die eerste plek die taak van die wetstoepassingsinstansies.¹⁴⁴ Die polisie voorsien dan ook basiese inligting vir berekening van die dagtarief, veral by minder ernstige misdaad.¹⁴⁵ Die praktyk leun egter baie swaar op die mededelings wat die oortreder oor sy ekonomiese omstandighede doen en die howe neig om hierdie inligting ongetoets te aanvaar, al word die finansiële vermoëns gewoonlik onderwaardeer.¹⁴⁶ Die hof hoef hierdie uiteensetting natuurlik nie te aanvaar nie,¹⁴⁷ en sal verdere ondersoek instel in geval van duidelike teenstrydighede. In hierdie verband is die skattingsbevoegdheid wat deur artikel 47(III) verleen word, van groot praktiese belang. Dit word hieronder bespreek.

Twee situasies vereis groter bemoënis om 'n akkurate beoordeling van die finansiële omstandighede van die oortreder te maak, in beide gevalle omdat dit 'n beduidende verskil maak aan die straf wat opgelê word. Die een geval is waar die oortreder naby aan die broodlyn leef¹⁴⁸ en die ander indien 'n hoë getal dageenhede opgelê word.¹⁴⁹

6 3 7 Skattingsbevoegheid

Artikel 40(III) magtig die hof om die oortreder se inkomste en bates, en ander grondslae vir die berekening van 'n dagtarief, te skat. Die skattingsbevoegdheid is nie bedoel vir gevalle waar die werklike finansiële omstandighede van die oortreder sonder meer en sonder onbillike moeite en onkoste vasgestel kan word nie.¹⁵⁰ Dit is wel aangewese indien die oortreder van die begin af geen, ontoereikende of ontoepaslike inligting oor sy finansiële vermoë bekendmaak.¹⁵¹

¹⁴² Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 8; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 11.

¹⁴³ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 8.

¹⁴⁴ Kragtens a 14 van die RiStBV. Vgl Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 46; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 18.

¹⁴⁵ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 47.

¹⁴⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 19. Belastingaanslae is van beperkte waarde, beide omdat finansiële omstandighede vir belastingdoeleindes op ander grondslae bereken word en omdat belastinginligting as vertroulik behandel word – OLG Hamm (1980) *MDR* 1043; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 18.

¹⁴⁷ Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 443.

¹⁴⁸ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 21.

¹⁴⁹ In die omgewing van 60 dageenhede – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 26.

¹⁵⁰ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 19.

¹⁵¹ Vgl bv Grebing 1976 (88) *ZStW* 1098; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 20.

Dit is egter nie toelaatbaar om die oortreder by wyse van 'n doelbewuste oorskating van sy netto-inkomste op indirekte wyse te dwing om sy finansiële omstandighede bloot te lê nie.¹⁵² Nietemin, wanneer die hof oorweeg om die inkomste te skat, moet die oortreder tydens die verhoor die kans verleen word om enige nadelige gevolge wat 'n oorskating van sy finansiële omstandighede mag meebring, aan die hof voor te hou. Hy kan dan, indien so verkies, sy werklike situasie aan die hof voorlê. Die hof moet dan enige bewyse wat hy voorlê in ag neem.¹⁵³ Die oortreder moet dus nie tydens die uitspraak met 'n oorskating verras word nie.

Wanneer die netto-inkomste geskat word, moet daardie skatting nie bloot op raaiwerk berus nie, intendeel moet daar 'n vaste basis daarvoor bestaan.¹⁵⁴ Indien die saak op hersiening geneem word, moet die hersieningshof oorweeg hoekom die netto-inkomste hoegenaamd op 'n skatting berus, asook op watter gronde sodanige skatting gemaak is.¹⁵⁵

6 3 8 Voorbeelde van probleemgevälle

Die netto-inkomstebeginsel lewer probleme op waar daar geen konvensionele inkomste bestaan nie.¹⁵⁶ Voorbeelde hiervan, wat heelwat aandag in die literatuur geniet het, is nie-werkende metgeselle, studente, dienspligtige soldate, mense wat op pensioen of 'n ander vorm van welsynstoelae is, en werkloses. Sulke gevälle veroorsaak dat 'n suiwer aanwending van al die toepaslike beginsels besonder belangrik word. Dit is ook hier waar die inherente krag van die Duitse stelsel die duidelikste na vore tree. Die algemene beginsels vir vonnisoplegging word benut, terwyl die beginsels wat by die oplegging van die boete geld, asook hulpmiddels soos skatting van inkomste en die inagneming van potensiele inkomste, terselfdertyd toegepas word.

6 3 8 1 Metgeselle

In huisgesinne waar een van die egpaar of metgeselle verkies om 'n tuiswerker te wees¹⁵⁷ en nie vir 'n inkomste te werk nie, was dit van meet af problematies hoe so 'n persoon se netto-inkomste bereken moet word. Tans is die kernmaatstaf dat bepaal moet word wat daardie persoon se aandeel aan die gesinsinkomste is, veral wat onderhoud en ander voordele in natura, insluitende sakgeld, betref.¹⁵⁸ Potensiele inkomste word slegs in berekening gebring ooreenkomstig die vereistes van artikel 40(II).¹⁵⁹ Indien die oortreder

¹⁵² Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 19; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 20.

¹⁵³ Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 21.

¹⁵⁴ OLG Celle (1984) *NJW* 185; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 20.

¹⁵⁵ Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 22; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 20.

¹⁵⁶ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 103.

¹⁵⁷ Die howe eerbiedig die party se keuse om nie vir inkomste te werk nie – OLG Köln (1979) *NJW* 277.

¹⁵⁸ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 9; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 40 k 11a; Stree 1983 *JR* 203 206. Aanvanklik is vele voorstelle gemaak oor die basis van die netto-inkomste van wat toe basies tot huisvroue beperk was. Voorbeelde sluit in die vrou se onderhoudsaanspraak in geval van ontbinding van die huwelik; verwagte inkomste indien die huisvrou 'n halwe dag sou werk; die inkomste wat 'n huishoudster sou verdien; sakgeld; die lewenstandaard van die gesin, ens – kyk bv Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 103 vn 425-429.

¹⁵⁹ Kyk 6 3 5 hierbo.

'n klein persoonlike inkomste het, maar die metgesel vermoënd is en die oortreder hieruit beduidende “finansiële” voordele kry, kan die metgesel se hoër inkomste in ag geneem word, maar nie tot so 'n mate dat die totale inkomste in berekening gebring word nie.¹⁶⁰

6 3 8 2 Studente

In die geval van studente, wat leerklere, skoliere, interns en vakleerlinge insluit, is hulle lewenstyl bepalend vir berekening van hulle netto-inkomste.¹⁶¹ In hierdie gevalle word reëlmatige ontvangstes, soos maandelikse toelaes, sakgeld en woongeld in ag geneem, asook byvoordele.¹⁶² Inkomste uit vakansie- of ander na-uurse werk behoort nie ingereken te word nie, tensy dit duidelik meer is as wat die oortreder nodig het om vir sy studies te kan betaal.¹⁶³ Die verhoorregter moet sy diskresie gebruik om te bepaal of hy enige toekomstige ontvangstes as potensiële inkomste gaan oorweeg.¹⁶⁴ Studerendes moet egter nie bo ander oortreders bevoordeel word nie – hulle belang in selfontwikkeling is nie 'n regspraak nie.¹⁶⁵

'n Onlangse beslissing in *Landgericht Offenburg*¹⁶⁶ bied 'n voorbeeld van hoe 'n hof die berekening van studente se netto-inkomste kan benader. In hierdie geval was die oortreder 'n student wat by sy ouers inwoon. Die verhoorhof het die waarde van die onderhoud wat hy maandeliks van sy ouers ontvang op €450 vasgestel. Omdat konkrete, gedetailleerde inligting oor die oortreder nie beskikbaar was nie, het die hof hierdie bedrag kragtens artikel 40(III) geskat. Die inligting wat hy oor die waarde van sy ouers se onderhoud voorsien het was van min waarde aangesien hy nie duidelike gronde daarvoor aangebied het nie. Op hersiening beslis die *Landgericht* egter dat die verhoorhof fouteer het deur die netto-inkomste in hierdie geval te skat. Die hof bevind dat bedryfstandaarde beskikbaar was kragtens artikel 13 van die *Bundesausbildungsförderungsgesetz*,¹⁶⁷ wat voorsiening maak vir staatsbydraes aan studente wat met 'n vakleerlingskap besig is, gebaseer op die wetgewer se beskouing van die bedrag geld wat so 'n vakleerling tipies nodig het vir sy lewensonderhoud (kos, verblyf en klerasie) en die vakleerlingskap self (boeke, studiemateriaal en reiskoste). Op daardie stadium het hierdie staatsbydrae €377 per maand beloop (of naastenby €12 per dag). Die student het dus 'n reëlmatige inkomste gehad, al is sy behoeftes aangevul deur sy ouers en geleenthedsinkomstes wat hy verdien het. Die verhoorhof was dus verkeerd om sy netto-inkomste te skat en die *Landgericht* vervang dit met die waarde van €12.

¹⁶⁰ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 9.

¹⁶¹ § 40 k 10.

¹⁶² OLG Frankfurt (1976) *NJW* 636.

¹⁶³ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 107.

¹⁶⁴ Selfs 'n besluit van die oortreder om 'n tweede studierigting aan te pak moet moontlik deur die hof respekteer word – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 10.

¹⁶⁵ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 10.

¹⁶⁶ (2006) 6 *NSZ* 40.

¹⁶⁷ Vry vertaalbaar as die Wet op die Bevordering van Beroepsopleiding.

6 3 8 3 Dienspligtige soldate

Dienspligtiges se soldy, en die geldwaarde van byvoordele soos gratis losies, mediese sorg en uniforms word in ag geneem.¹⁶⁸

6 3 8 4 Ander mense met klein inkomste

Netto-inkomste by hierdie groep bestaan basies uit hul welsyns- en versorgingstoelaes gepaard met moontlike byvoordele.¹⁶⁹ Dieselfde geld vir werklose oortreders, maar nie indien hulle bloot tydelik werkloos¹⁷⁰ of werksku is, en beskikbare werk van die hand gewys het nie.¹⁷¹ Vir laasgenoemde twee groepe word die potensiële inkomste as basis beskou.¹⁷² Die vasstelling van die dagtarief moet by diegene wat net bo die broodlyn leef met besondere sorg geskied. Sulke oortreders kan normaalweg hul boetes oor 'n langer tydperk as oortreders met 'n normale inkomste afbetaal, omdat hulle ekonomies gesproke harder daardeur getref word.¹⁷³ Dit is in hierdie gevalle moontlik om die dagtarief afwaarts aan te pas, om hierdie mense tegemoet te kom.¹⁷⁴

Dit is veral wanneer dit by werklik arm mense kom dat die verskil tussen 'n land met 'n ontwikkelde ekonomie (soos Duitsland) en 'n land met 'n ontwikkelende ekonomie (soos Suid-Afrika) die skerpste na vore tree. 'n Beslissing van die OLG Hamburg¹⁷⁵ bied 'n goeie voorbeeld hiervan. Die oortreder, wat 'n maatskaplike toelae van DM 550 per maand ontvang het, se dagtarief is na aftrekkings op DM 15 (sowat €8) vasgestel. Die hersieningshof het bevestig dat die verhoorhof oor die diskresie beskik om van die basiese beginsels vir die berekening van 'n boete kragtens artikel 40 af te wyk waar die persoon se inkomste naby die bestaansminimum is. In hierdie geval het die verhoorhof egter die netto-inkomstebeginsel toegepas, 'n bedrag van DM 100 afgetrek as 'n verblyfsuitgawe, en ruim geleentheid vir betaling gegee. Die totale boete sou wel 18 maande neem om af te betaal (teen DM 50 per maand), maar die verlengde tydperk was nie op sigself 'n onbillike las op die oortreder nie. Die verhoorhof het dus geen mistasting begaan nie, en die vonnis het bly staan.

7 Misdade gepleeg met 'n winsmotief

Die StGB bevat 'n verskeidenheid maatreëls wat daarop gemik is om te keer dat enige wins wat deur die misdaad gemaak is na die strafverrigtinge steeds tot die misdadiger se beskikking sal wees.

Een so 'n maatreël is in artikel 41 te vinde. Daarvolgens kan gevangenisstraf, naas 'n boete, opgelê word indien die oortreder homself deur die misdaad verryk

¹⁶⁸ Dreher, Schwarz & Tröndle *Kommentar zum Strafgesetzbuch und Nebengesetze* (1997) 235 k 11. Permanente soldate is in dieselfde posisie as ander gesalarieerde werkers.

¹⁶⁹ OLG Köln (1977) *NJW* 307.

¹⁷⁰ OLG Hamburg (1975) *NJW* 2030.

¹⁷¹ OLG Koblenz (1976) *NJW* 1275.

¹⁷² Kyk 6 3 5 hierbo.

¹⁷³ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 11.

¹⁷⁴ § 40 k 11.

¹⁷⁵ (2001) 21 *NSiZ* 655.

het of gepoog het om homself te verryk. Dit is een van min uitsonderingsgevalle waar gevangenisstraf saam met 'n boete opgelê kan word.¹⁷⁶ 'n Verdere voorvereiste vir die oplegging van hierdie “kumulatiewe” boete,¹⁷⁷ is dat dit “met inagneming van die oortreder se persoonlike en ekonomiese omstandighede aangewese blyk te wees”.¹⁷⁸ Indien so 'n vonnis vanpas is, word die omvang van die boete ook volgens die dagwaardestelsel bereken.¹⁷⁹

Artikel 41 word egter selde benut,¹⁸⁰ omdat artikel 73 van die StGB in werking tree indien 'n oortreder hom deur die misdaad verryk. Daarvolgens moet 'n hof enige vermoënsvoordeel wat die misdadiger of 'n ander deelnemer uit 'n wederregtelike handeling verkry, verbeurd verklaar.¹⁸¹

8 Invordering van die boete

8 1 Inleiding

Dit is 'n interessante aspek van die Duitse strafstelsel dat die vervolgingsowerheid daarvoor verantwoordelik is om betaling van boetes af te dwing.¹⁸² In die praktyk word hierdie verantwoordelikheid oorgedra aan 'n spesifieke afdeling, wat *Rechtspfleger* genoem word.¹⁸³

In beginsel is boetes onmiddellik betaalbaar.¹⁸⁴ In die praktyk word die oortreder egter, nadat die boete betaalbaar geword het, twee weke gegun om dit te betaal.¹⁸⁵ Indien die boete dan steeds nie betaal is nie, moet uitstel vir betaling verleen word, anders tree alternatiewe gevangenisstraf (*die Ersatzfreiheitsstrafe*) in werking.¹⁸⁶ Die oortreder kan gevangesetting tot op die laaste oomblik vermy deur die boete te betaal. En sou die oorblywende gedeelte van die boete tydens gevangenskap betaal word, moet die oortreder onmiddellik vrygelaat word.¹⁸⁷

8 2 Vergunnings in verband met betaling

Die StGB maak in artikel 42 voorsiening vir betalingsverligting. Daarvolgens verleen die hof¹⁸⁸ uitstel van betaling¹⁸⁹ of gelas die oortreder

¹⁷⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 41 k 3; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 41 k 1.

¹⁷⁷ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 41 k 5.

¹⁷⁸ A 41 StGB.

¹⁷⁹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 41 k 6; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 41 k 8-9.

¹⁸⁰ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 71.

¹⁸¹ A 73(1) StGB.

¹⁸² Kragtens a 459a van die *Strafprozessordnung* (StPO), a 48 van die *Strafvollstreckungsordnung* (StVollstrO) en aa 1-19 van die *Justizbeitragsordnung* (JBeitrO). Vgl ook Izak & Wagner *Strafvollstreckung* 7 uitg (2004) 190; Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 443.

¹⁸³ A 451 StPO. Vgl Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 443.

¹⁸⁴ A 459 StPO. Vgl Horn 1974 (27) *NJW* 626; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 4; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 42 k 1.

¹⁸⁵ Kyk ook Malolepszy *Geldstrafe und unbedingte Freiheitsstrafe nach deutschem und polnischem Recht* (2007) 92-102.

¹⁸⁶ Para 6 JBeitrO.

¹⁸⁷ Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 150.

¹⁸⁸ Dit is 'n dwingende voorskrif dat 'n hof uit eie beweging aan betalingsverligting oorweging sal skenk – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 2.

¹⁸⁹ *Zahlungsfrist*. Die implikasie is dat daar 'n duidelike onderskeid is tussen *uitstel*, wat dui op 'n vergunning om die volle bedrag later te betaal, en *betaling* in paaiemente, wat meerdere betalings oor 'n tydperk behels.

om die boete in bepaalde paaieimente te betaal.¹⁹⁰ Verder vereis artikel 42 dat die hof ook sal gelas dat die vergunning om die boete in bepaalde paaieimente te betaal, vervall indien 'n paaieiment nie betyds betaal word nie.¹⁹¹ Bevele oor betalingsverligting word afsonderlik in die uitspraak uiteengesit.¹⁹²

Dit is alleen langs die weg van betalingsverligting dat die aansienlike boetes wat uit die netto-inkomstebeginsel voortspruit werklik binne die meeste oortreders se betaalvermoë kom.¹⁹³ Die besluit aangaande betalingsverligting bestaan onafhanklik van die vasstelling van die aantal daeenehede en die waarde daarvan.¹⁹⁴ In hierdie geval gaan dit eenvoudig oor die vraag na die oortreder se vermoë om onmiddellik te betaal.¹⁹⁵

'n Aantal beginsels help met die neem van die beslissing om in 'n besondere geval van die algemene beginsel af te wyk:

- (i) Geen verligting kan verleen word indien die oortreder middele vir betaling beskikbaar het nie,¹⁹⁶ of indien die oortreder nie 'n vaste woonplek binne Duitsland het nie, of na verwagting nie gedurende die uitstelperiode sal (of kan) betaal nie.¹⁹⁷
- (ii) Die oortreder se persoonlike en finansiële omstandighede bepaal of hy sal kan betaal. Alhoewel daar nie gepoog word om die lewe vir die oortreder te vergemaklik nie, moet die gereelde betaling vir hom 'n "ernstige lastigheid" wees, sonder om onbillik te word.¹⁹⁸ Dit beteken dat elke paaieiment vir die oortreder persoonlik betaalbaar moet wees, indien hy uiters spaarsamig met sy finansies te werk gaan.¹⁹⁹ By oorweging hiervan word in ag geneem dat betaling oor 'n tydperk besonder waardevol kan wees om die trefkrag van die boete te verhoog.²⁰⁰
- (iii) Hoewel die StGB nie enige perk plaas op die termyn waarbinne betaling afgehandel moet wees nie, behoort meer as twee jaar na die mening van Tröndle & Fischer nie verleen te word nie.²⁰¹

Die besluit of betaling in paaieimente moet geskied, en of uitstel van betaling gegee moet word, hang van die feite af. Betaling sal meesal in paaieimente geskied, en uitstel hoofsaaklik indien daar goeie gronde bestaan, soos indien

¹⁹⁰ Betaling in paaieiment is meer algemeen as blote uitstel – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 6.

¹⁹¹ Vgl ook Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 7. Dit word die "vervalklousule" genoem.

¹⁹² Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 5.

¹⁹³ § 42 k 2.

¹⁹⁴ Kyk ook Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 127; Meyer "Kann das Revisionsgericht eine vom Tatgericht übersehene Entscheidung nach § 42 StGB seldst nachholen?" 1976 (30) *MDR* 714ev.

¹⁹⁵ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 128.

¹⁹⁶ Betalingsverligting word normaalweg nie gelas wanneer die totale boete minder as 'n maand se netto-inkomste bedra nie – Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 42 k 3.

¹⁹⁷ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 5; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 42 k 4.

¹⁹⁸ Tröndle "Die Geldstrafe in der Praxis und Probleme ihrer Durchsetzung unter besonderer Berücksichtigung des Tagessatzsystems" 1974 (86) *Zeitschrift für die gesamte Strafrechtswissenschaft* 545 555. Weens billikheidsoorwegings word daar byvoorbeeld nie van oortreders verwag om die gesin se enigste woning te verkoop om die boete te betaal nie – Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 42 k 2.

¹⁹⁹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 4.

²⁰⁰ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 127.

²⁰¹ Aw § 42 k 6. Of nie meer as drie maande in die geval van uitstel van 'n enkelbetaling nie – Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 6. Kyk ook Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* § 42 k 5 vir verdere riglyne oor die uitsteltermyn.

die persoon die ontvangs van 'n groot bedrag geld voorsien, of kans gegee word om 'n bate te gelde te maak.²⁰²

Indien 'n hof nie 'n vervalklousule by die betalingsverligting voeg nie, sal versuim om te betaal beteken dat die prosedure in artikel 459a(II) van die *Strafprozessordnung* (Strafprosedure of StPO) in werking gestel moet word. Daarvolgens moet 'n regterlike ondersoek na die oortreder se versuim eers gedoen word voordat enige verdere beslissing geneem kan word. Selfs met 'n vervalklousule kan die invorderingsowerhede²⁰³ steeds verdere uitstel verleen. Hulle (en nie die vonnisoplegger nie) is uiteindelik verantwoordelik vir die vergunnings wat deur artikel 42 verleen word, sowel as vir latere veranderings daaraan of opheffing daarvan.²⁰⁴

Die invordering van boetes in Duitsland is baie suksesvol. In een ondersoek is bevind dat meer as 50% van die boetes onmiddellik betaal word, 'n verdere 30% na betalingsverligting en nog 11% na 'n dreigement van gevangensetting.²⁰⁵ Uiteindelik dien slegs 4% van die oortreders wat beboet is alternatiewe gevangenisstraf uit.

8 3 Alternatiewe gevangenisstraf

Artikel 43 van die StGB maak vir alternatiewe gevangenisstraf voorsiening. Dit bepaal dat gevangenisstraf in werking tree indien die boete nie ingevorder kan word nie, ooreenkomstig die verhouding van een dag gevangenisstraf vir een daeheid. Aangesien hierdie verhouding vasgestel is, word daar nie in die hof se vonnissuitspraak na enige alternatiewe gevangenisstraf verwys nie.²⁰⁶ Die minimum duur van die alternatiewe gevangenisstraf is een dag.²⁰⁷ Die volgende aspekte van artikel 43 verdien kommentaar:

- (i) Voordat die alternatiewe gevangenisstraf in werking kan tree,²⁰⁸ moet dit vas staan dat die boete nie ingevorder kan word nie. Dit beteken dat die dwangmaatreëls van regsweë onsuksesvol moes wees, of dat daar oënskynlik geen kans is dat die oortreder die boete sal kan betaal nie.²⁰⁹
- (ii) Die oortreder het geen keuse om eerder die gevangenisstraf uit te dien nie.²¹⁰ Vanweë die nadelige gevolge van gevangenisstraf moet invor-

²⁰² Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 6.

²⁰³ Die vervolgingsgesag – kyk 7 1 hierbo.

²⁰⁴ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 42 k 9.

²⁰⁵ Albrecht *Strafzumessung und Vollstreckung bei Geldstrafen unter Berücksichtigung des Tagessatzsystems* (1980) 233.

²⁰⁶ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 40 k 22; Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* §40 k 22.

²⁰⁷ Sodra net 'n gedeelte van 'n dag oorbly kan gevangenisstraf nie meer vir die boete vervang word nie, hoewel die oortreder steeds vir die res van die boete aanspreeklik is – Tröndle in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 43 k 6; Horn in *Systematischer Kommentar* § 43 k 5.

²⁰⁸ Die feit dat die boete uiteindelik op gevangenisstraf moet “terugval” is vir heelwat kommentators 'n steen des aanstoots, omdat alternatiewe gevangenisstraf nie inpas by die straffilosofiese uitgangspunt waarna die straffervorming gemik het nie, naamlik die terugdringing van korttermyngevangenisstraf – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems” in *Geldstrafe* 146. Oor die algemeen word alternatiewe gevangenisstraf egter, ten spyte daarvan dat dit nie by die teorie inpas nie, as 'n noodwendige en onvermydelike euwel aanvaar – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems” in *Geldstrafe* 146; Tröndle in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* § 43 k 1; Horn in *Systematischer Kommentar* § 43 k 2.

²⁰⁹ Horn in *Systematischer Kommentar* § 43 k 6.

²¹⁰ Stree in *Strafgesetzbuch: Kommentar* 511 k 5.

- dering van die boete, indien die oortreder dit nie betaal nie, herhaaldelik en ernstig gepoog word.²¹¹
- (iii) Die gevangenisstraf is 'n ware straf en nie bloot 'n middel om betaling af te dwing nie.²¹² Sodra dit uitgedien is, is die boete afgelos en kan dit nie meer ingevorder word nie.²¹³
- (iv) Daar is geen diskresie oor die lengte van die alternatiewe gevangenisstraf nie – dit is statutêr op een dag gevangenisstraf vir elke een daageneid vasgestel.²¹⁴ Dit is logies om die duur van die alternatiewe gevangenisstraf aan die getal daageneide te koppel, omdat die daageneide, soos hierbo verduidelik is, deur die oortreder se blaamwaardigheid bepaal word.²¹⁵ Dit beteken dat alle oortreders wat misdade van dieselfde erns pleeg dieselfde termyn alternatiewe gevangenisstraf sal uitdien (indien die opgelegde getal daageneide dieselfde was), ongeag van hulle rykdom of armoede. 'n Verdere uitvloeisel is dat die maksimum duur alternatiewe gevangenisstraf, net soos die getal daageneide, 360 is.²¹⁶

8 4 Verdere metodes om die alternatiewe gevangenisstraf te vermy

Die StPO bevat verdere bepalings om gevangenisstraf te vermy. Kragtens artikel 459c(2) kan die invordering van die boete eenvoudig agterweë gelaat word, indien daar nie verwag word dat enige geld ingevorder sal kan word nie. Dit word natuurlik nie geredelik gedoen nie, maar is aangewese wanneer vorige pogings om die geld in te vorder onsuksesvol was of indien die oortreder 'n onlangse beëdigde verklaring te dien effekte afgelê het.²¹⁷

Verder magtig artikel 459d die hof om tenuitvoerlegging heeltemal of gedeeltelik op te skort, indien die oortreder onlangs reeds alternatiewe gevangenisstraf uitgedien het en 'n herhaling daarvan sy herinskakeling in die gemeenskap weselik sal benadeel.

Bowendien kan die hof, in uitsonderingsgevalle, op aansoek van die oortreder of op voorstel van die vervolgingsgesag, beveel²¹⁸ dat die voltrekking van die alternatiewe gevangenisstraf nie geskied nie, wanneer dit vir die veroordeelde onbillike lyding²¹⁹ sou meebring. “Onbillike lyding” word eng uitgelê en slegs bevind indien die toepassing van die alternatiewe gevangenis-

²¹¹ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 43 k 3. Dit is, maw, in die openbare belang.

²¹² OLG Zweibrücken (1976) *NJW* 155; OLG Koblenz (1977) *MDR* 423; Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 145.

²¹³ Tröndle in *Strafgesetzbuch: Leipziger Kommentar* para 43 k 2.

²¹⁴ Heelwat kritiek was van meet af teen die verhouding van 1:1 gerig, omdat geargumenteer is dat een dag gevangenisstraf 'n heelwat swaarder straf is as ontneming van een dag se netto-inkomste. Sommige kommentators het gemeen dat twee daageneide teenoor een dag gevangenisstraf (of selfs 3:1) 'n beter verhouding sou wees – vgl Tröndle 1974 (86) *ZStW* 574, “Anmerkung” 1976 *JR* 161 163; Grebing 1976 (88) *ZStW* 1111; Zipf “Die Rechtsfolgen der Tat im neuen Strafgesetzbuch” 1974 (14) *Juristische Schulung* 137 141; Bruns “Anmerkung” 1986 *JR* 70 73. Die verhouding van 2:1 is dan ook in die Oostenrykse strafkode aanvaar (a 19 van die Oostenrykse StGB), maar Oostenrykse vonnisopleggers moet die termyn alternatiewe gevangenisstraf by hulle vonnisse insluit – Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 375.

²¹⁵ Kyk by 6 2 hierbo.

²¹⁶ Of 720 dae in die geval van meerdere misdade, soos hierbo aangetoon.

²¹⁷ Izak & Wagner *Strafvollstreckung* 199.

²¹⁸ Kragtens para 459f StPO.

²¹⁹ Vandaar die verwysing na hierdie bepaling as die *Härteklauseel* – Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 150.

nisstraf sou beteken dat die omvang van straf beduidend meer is as wat met die bestrawwing beoog word.²²⁰

’n Verdere moontlikheid, wat toenemende aandag geniet, is om die alternatiewe gevangenisstraf met gemeenskapsdiens te vervang. Die wetgewers van die *Länder* word deur artikel 293 van die EGStGB²²¹ gemagtig om regulasies uit te vaardig wat die voltrekkingsowerhede magtig om die alternatiewe gevangenisstraf met gratis diens²²² (gemeenskapsdiens²²³) te vervang. Voltooiing van die gratis diens kom neer op volledige afhandeling van die alternatiewe gevangenisstraf, maar indien dit slegs gedeeltelik voltooi word, moet die oorblywende gevangenisstraf steeds uitgedien word.²²⁴ In Duitsland word die standpunt ingeneem dat gemeenskapsdiens verantwoordelik is vir wat as praktiese probleme beskou word²²⁵ en dit is dus nie juis gewild nie,²²⁶ hoewel elke *Land* die verordeninge wat nodig was om gemeenskapsdiens as alternatief te magtig, uitgevaardig het.²²⁷ Hierdie aspek word nog steeds gedebateer.²²⁸

9 Omvang van benutting van die boete

Die mate waarin boetes in Duitsland vir gewone misdade opgelê word is amper ongelooflik en verg inderdaad ’n paradigmaskuif om te kan begryp. Soos reeds gemeld is boetes en gevangenisstraf die primêre strafvorms in die Duitse reg. Voor die hervorming in 1968, is boetes opgelê vir 63% van oortreders. Hierdie persentasie het reeds in 1970 dramaties begin styg en staan sedertdien konstant tussen 80 en 85% van oortreders.²²⁹

Teen die middel van die 1990s het ongeveer twee derdes van die boetes wat opgelê word uit 30 of minder daeengehede bestaan. Een derde bedra van 30 tot 90 daeengehede en baie min meer as dit.²³⁰ Wat die waardes van die dagtarietoe betref was 30% in 2002 onder €10, 24% tussen €25 en €50 en slegs 2% oor €50. By waardes oor €50 is 79% in die geval van belastingmisdade opgelê.²³¹

²²⁰ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 43 k 10.

²²¹ *Einführungsgesetz zum Strafgesetzbuch*.

²²² *Freie Arbeit*.

²²³ Dit is soortgelyk aan Suid-Afrikaanse gemeenskapsdiens (a 297(1)(a)(i)(cc) van die Strafproseswet 51 van 1977).

²²⁴ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* r § 43 k 9.

²²⁵ Vgl Grebing “Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems” in *Geldstrafe* 146.

²²⁶ Vgl Malolepszy *Geldstrafe und unbedingte Freiheitsstrafe nach deutschem und polnischem Recht* (2007) 96.

²²⁷ Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 43 k 9.

²²⁸ Vgl Weigend “Fines” in *Intermediate Sanctions* 48; Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 459ev; Tröndle & Fischer *Strafgesetzbuch* § 38 k 7ev.

²²⁹ Vir hierdie en die volgende voetnoot, vgl Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 35; Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* 1610 k 5; Weigend “Fines” in *Intermediate Sanctions* 46; Albrecht in *Penal Reform* 144; Van Kalmhout & Tak *Sanction-systems II* 445 (die Duitse strafstelsel is eenvoudig en maak primêr van boetes en [opgeskorte] gevangenisstraf gebruik). Volgens die jongste beskikbare statistiek van die vervolgingsgesag (Statistisches Bundesamt *Rechtspflege: Staatsanwaltschaften* (2007) 13) het 85,9% van alle strafmaatreëls in 2004 uit boetes bestaan, maar hierdie syfers sluit *Geldbuße* in (kyk vn 27 hierbo).

²³⁰ Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 36.

²³¹ Albrecht in *Nomoskommentar: Strafgesetzbuch* § 40 k 18.

Slegs sowat 4 tot 6% van die oortreders wat boetes opgelê word, beland in 'n gevangenis om alternatiewe gevangenisstraf uit te dien.²³² Hierdie statistiek illustreer die merkwaardige impak wat die inwerkingtrede van die StRG in 1969 op die aanwending van gevangenisstraf (hoewel feitlik uitsluitlik korttermyn gevangenisstraf) gehad het. Sedert die vroeë sewentigerjare het die hoeveelheid oortreders wat tot gevangenisstraf gevonniss is, effens toegeneem, maar die oorgrote meerderheid van oortreders in Duitsland word steeds met boetes gestraf.²³³

Selfs al word gevangenisstraf net vir sowat 15 tot 20% van alle oortreders opgelê, word tussen 68 en 73% daarvan voorwaardelik opgeskort.²³⁴ Selfs gevangenisstraf wat onmiddellik uitgedien moet word duur selde langer as 2 jaar.

10 Die sukses van die boete in Duitsland

Die Duitse strafstelsel word in die algemeen baie hoog aangeslaan. Daar is twee aspekte van die Duitse boete wat ter sprake kom by die beoordeling van die sukses daarvan, naamlik die grootskaalse gebruik daarvan en die dagtariefstelsel self.

Een van die beste aanduidings van die stelsel se sukses is moontlik die feit dat daar in die 21ste eeu slegs een beduidende wysiging aan die wese van die dagboetestelsel was, naamlik om die verwysing na Deutsche Mark in 2002 met Euro te vervang.²³⁵ En verder spreek die syfers wat hierbo aangehaal is vanself.

Wat die eerste aspek betref, meen Ryan dat boetes in Duitsland suksesvol en doeltreffend as 'n hoofstraf aangewend word.²³⁶ Gillespie het selfs meer lof wanneer hy veral die beweging weg van korttermyn gevangenisstraf as 'n "remarkable achievement" en "impressive" beskryf.²³⁷

Grebing bevind reeds in 1976 dat teenstanders van die dageenheidstelsel verkies het om nie verdere menings daaroor te lug nie.²³⁸ Hillsman en Greene wys weer daarop dat boetebedrae met die nuwe stelsel aansienlik gestyg het (wat sou dui op hoër boetes vir die meer welgestelde oortreders) sonder om die getal wanbetalers te raak, en sonder om residivisme te verhoog.²³⁹ Friedman twyfel egter of die verandering so groot is as wat die hervormers gehoop het dit sou wees.²⁴⁰ Volgens 'n ondersoek deur die Max Planck Instituut vir Buitelandse en Internasionale Strafrege, het die howe in meer as die helfte van alle gevalle waar dagboetes opgelê is, geen inligting met betrekking tot die oortreder se inkomste gehad nie en hulle waarskynlik hoofsaaklik verlaat het

²³² Jescheck & Weigend *Lehrbuch des Strafrechts* 36.

²³³ Vgl bv Weigend "Fines" in *Intermediate Sanctions* 43.

²³⁴ 45.

²³⁵ 'n Wysiging van a 40(II) deur die Euro-EinfGesetz van 13 Des 2001. Een Euro is op 31 Des 1998 deur die Europese Sentrale Bank vasgestel op DM 1,96 – vgl "Press release: Determination of the Euro Conversion Rates" www.ecb.int/press/pr/date/1998/html/pr981231_2.en.html (besoek op 29 -07-2008).

²³⁶ 1983 (68) *Iowa LR* 1312.

²³⁷ 1980 (44(4)) *Federal Probation* 20.

²³⁸ Grebing "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzstems" in *Geldstrafe* 80.

²³⁹ 1988 (72) *Judicature* 40; kyk ook Friedman 1983 (50) *University of Chicago LR* 291.

²⁴⁰ 1983 (50) *University of Chicago LR* 291.

op die oortreder se beroep en huwelikstatus.²⁴¹ Dit beteken dat die inkomste van die oortreder meesal geskat word, wat groot ruimte vir foute laat.²⁴²

Verder het Grebing in 1976 daarop gewys dat 'n eenvormige praktyk betreffende die vasstelling van die boetebedrag nog nie tot stand gekom het nie, en dat dit op daardie stadium gelyk het asof die laer howe steeds die geldsomboete as basis geneem het.²⁴³ Dit is onwaarskynlik dat dit steeds die geval is. Grebing het ook verduidelik dat min regters met die stelsel gelukkig was.²⁴⁴ Dit is steeds die geval by sommige slagoffers van misdade. Daar moet onthou word dat boetes die tipiese straf is vir misdade wat tussen die ernstige en die geringe val (in Duits die *mittleren Sanktionsbereich*). In 'n samevatting van die ondersoek oor die beskouing van misdadslagoffers, het Kilchling bevind dat slegs 16% van slagoffers van hierdie misdade boetes as goeie straf beskou. Slagoffers sou maatreëls soos skadevergoeding of gemeenskapdiens verkies.²⁴⁵

Myns insiens is die boete soos dit in die Duitse reg toegepas word inderdaad 'n groot sukses. Dit is nie om dowe neutte dat dit so dikwels as 'n voorbeeld vir ander lande voorgestel word nie. Die vraag ontstaan dus waarom hierdie stelsel nie wêreldwyd toegepas word nie. Die antwoord is nie voor-die-hand-liggend nie. Dit kan waarskynlik deels toegeskryf word aan die feit dat dit spesifiek vir die Duitse reg en vir Duitse omstandighede ontwikkel is, en dus nie noodwendig vir ander lande gepas sal wees nie. Sonder twyfel het meeste ander lande egter eenvoudig nog nie daarin geslaag om so 'n geïntegreerde strafstelsel te ontwikkel nie. Suid-Afrika is 'n sprekende voorbeeld van 'n strafstelsel wat nie geïntegreerd is nie. Nog 'n faktor is dalk doodgewoon dat die Duitse taal nie toeganklik is vir diegene wat met justisie-beplanning besig is nie. Les bes kom die Duitse stelsel baie ingewikkeld voor vir diegene wat eintlik met adwersiewe stelsels vertrou is.

11 Slotopmerking

Die uitgangspunt van dagwaardestelsels, naamlik dat die omvang van 'n boete bepaal behoort te word met direkte verwysing na die oortreder se geldelike vermoëns, is gewortel in geregtigheid. Geregtigheid vereis dat verskillende mense vir soortgelyke misdade min of meer soortgelyke bestrawwing behoort te ervaar. Dit is eenvoudig nie moontlik om met die enkelsomstelsel wat tans in Suid-Afrika in gebruik is, gevolg te gee aan die uiteenlopendheid van verskillende mense se finansiële vermoëns nie. Met 'n dagwaardestelsel is so 'n gevolg wel moontlik. Die Duitse benadering tot, en uitvoering van, die dagwaardestelsel bied 'n goeie oorsig van die praktiese probleme wat met sulke stelsels ervaar word, maar ook van die maniere waarop hierdie praktiese probleme ondervang kan word. Uiteindelik is die bevordering van geregtigheid

²⁴¹ Albrecht *Tagessatzsystems* 204 210-214.

²⁴² Friedman 1983 (50) *University of Chicago LR* 296.

²⁴³ "Die Geldstrafe im deutschen Recht nach Einführung des Tagessatzsystems" in *Geldstrafe* 89.

²⁴⁴ 90.

²⁴⁵ Kilchling "Opferschutz und der Strafanspruch des Staates – ein Widerspruch?" 2002 (22) *Neue Zeitschrift für Strafrecht* 57, 62.

egter so 'n groot belang dat 'n strewe na groter geregtigheid altyd die moeite werd sal wees, al vereis 'n bevredigende vlak van praktiese uitvoerbaarheid dekades se ontwikkeling.

SUMMARY

One of the recommendations in a report by the South African Law Reform Commission on reform of sentencing (2000) was that the method of determination of the amount of fines, as a form of sentence for criminal activities, be reconsidered. In particular, it was recommended that a day fine system be considered. Day fine systems are known to link the amount of the fine more directly to the means of offenders than the fixed sum system currently employed in South Africa. However, the practical operation of a day fine system is largely unknown outside those countries where it is employed. Such countries include some of the Scandinavian countries, as well as Germany, the system which is the focus of this article. A day fine system typically involves two separate sentencing actions. The first action amounts to determining the number of penalty units, based mainly on the seriousness of the crime. In German law a daily tariff serves as the penalty unit, and from five to 360 daily tariffs may be imposed. The value of the tariff is determined by the average daily net income of the offender. This may range from €1 tot €5 000. The amount of the fine is calculated by multiplying the number of daily tariffs with the amount of a tariff. Determining the net income of the offender is one of the biggest practical problems of the scheme. Payment of fines is enforced by the prosecution service. The article concludes that the imposition and enforcement of fines in German law are very successful. Not only are fines imposed for between 80 and 85% of all crimes committed in Germany, but 90% of the fines are eventually collected.